**Vrydag 10 Maart**
**Skrifgedeelte: Genesis 3:6-24 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Genesis 3:6-14**
**Die Here roep uit genade my naam**

Ten spyte van God se duidelike opdrag om nie van die boom van alle kennis (Gen. 2:16) te eet nie, skuif die mens God uit hulle lewe met ’n doelbewuste keuse wat hulle uitoefen. Op slinkse wyse oorreed die slang hulle om ongehoorsaam te wees. Die mens verskuif die grense wat God in sy wysheid vasgelê het. Die mens wil soos God wees wat alles ken.

Die mens het baie vinnig verskonings aangebied toe God hulle konfronteer. Getrou aan die mens se aard om onsself te probeer verontskuldig of om iemand anders vir die neem van swak besluite te blameer, plaas hulle die skuld op iemand anders. Ons wil onsself uit elke oortreding loswikkel. Ons steek selde die hand in eie boesem. Ons blameer die slang of mekaar of ons omstandighede om ons optrede te regverdig. Dit was in ’n oomblik van swakheid dat ek geld verduister het of slegte tydsberekening toe ek betrap is terwyl ek ontrou was. Met ons optrede, woorde, gebare en gedagtes skuif mense die Here weg.

God los nie die kroon van sy skepping alleen nie. Hy roep ons. Al voel ek soms kaal en wil ek as gevolg van omstandighede gaan wegkruip, het ons uit genade die moederbelofte ontvang. Die Here bly getrou. Die res van die Ou Testament getuig daarvan. Hy bewaar ons van die kwaad en gebruik die kwaad tot ons voordeel.

Die Here gee uit liefde en ontferming vir Adam en Eva velklere om hulle naaktheid te bedek. Aan die kruis gee Christus in liefde sy lewe om ons sonde te versoen en ons verhouding met God te herstel. Die Heilige Gees, ons ewige Trooster, roep elke dag deur die Woord van die Here: Waar is jy? Die Here is besorgd oor jou geestelike en fisiese toestand. As Hy vandag vra: “Waar is jy?” moet jy in dankbaarheid antwoord met ’n lewe wat God eer.

*Sing: Psalm 36-1:2*
*Ds. SP Venter (Sarel) (Pietersburg)*